

# Die Skoenkaloen



Deur Ismi van Niekerk

## Die Skoenkaloen

In elke skoen woon daar 'n Kaloen. Ja, selfs in jou skoene!

Wat is 'n Kaloen? Hoe lyk 'n Kaloen?

Niemand kan sê wat presies 'n Kaloen is nie, maar daar is wel al 'n paar mense wat sê hulle het al een gesien. Kaloene is baie klein, sodat hulle kan pas in jou skoen, en het 'n baie klein neusie, spesiaal om nie jou voete te kan ruik nie. Die Kaloen het egter baie groot oë en ore. Dit raak soms baie donker in 'n skoen en dan moet hulle goed kan sien of dinge soos mense of honde kan hoor aankom. Dis nie maklik om 'n Kaloen te sien te kry nie, maar as jy hondetaal kan verstaan, sal jy weet hoekom honde so gaande daarvoor is om skoene te byt en daarmee te speel – dis om die Kaloene rond te jaag.

Hier volg die storie van een so 'n Kaloen.

In 'n donker kas, in 'n klein warm huisie, in 'n vallei omring deur hoë berge, kristalhelder riviere en digte bosse, woon 'n Kaloen-familie in hulle mense-familie se skoene. Die pa van die mense-familie dra groot skoene waarin 'n Kaloen hom met gemak kan uitstrek. Die ma se skoene het hoë hakke – en hulle is baie fyner en kleiner as die pappa s'n en pragtig kleurvol. Die kleiner Kaloene geniet dit vreeslik om al gillende van die bopunt van die skoen tot aan die onderkant af te gly. Daar is ook twee kinders. 'n jong seun en 'n babadogterjie. Die jong seun se skoene is nie altyd baie skoon nie en ruik maar baie bedompig, maar dit is 'n lekker plek om in weg te kruip, veral as daar blare, stokkies en modder aan vaskleef. Net die heel kleinste Kaloen kan in die baba se skoene slaap, want babass kan nog nie rondhardloop nie en het nie baie spasie nodig nie. Die babaskoen is ook baie sag en ruik heerlik vars.

Elke aand as die mense-mamma langs die seun op sy bed kom sit om stories aan hom te vertel, kruip een van die Kaloene ook nader om die stories te hoor. Die Kaloen is gaande oor stories, veral wanneer die mamma vertel van 'n sekere glasskoen wat lank gelede aan 'n prinses behoort het en luister aandagtig na die storie. Die mamma verander haar stem soos sy die stories vertel en die Kaloen leef hom in die stories in.

Wanneer die mamma die storie klaar gelees het, draai die Kaloen op sy rug met sy arms agter sy kop en verbeel hom dat hy op reise om die wêreld kan gaan. Wie weet, dalk kan hy eendag die kasteel met die glasskoen besoek.

Dit kan maar baie vervelig raak om in 'n skoen in 'n donker kas te bly, al het die Kaloen baie boeties, sussies, niggies, nefies en vriende om mee te speel. Al wanneer Kaloene ander plekke kan sien, is wanneer die mense hul skoene in ander kaste bêre. Maar, dit was nie lank nadat die Kaloen so oor ander plekke gedroom het nie toe hy sy kans kry. Die oggend gryp die seun so skielikesy skoene dat die Kaloen nie tyd het om uit te spring nie. Hy besluit dus om eerder aan die veters vas te hou en te kyk waarheen die seun gaan.

Al waaiende en swaaiende soos die seun sy skoene saamsleep, klou die Kaloen met

al sy mag aan die veters terwyl die wind swiep-swiep deur sy ore. Dit waarvan hy nog net in stories gehoor het, sien hy nou vir die eerste keer raak. Daar is die blou bokant en hy onthou dit word die hemel of die lug genoem, ook die groen onderkant wat die grond en gras genoem word, en dan sowaar, daardie snaakse goed in die lug wat rondvlieg en nie skoene dra en soos mense op die grond loop nie - dis voëls! Hulle maak die mooiste geluide terwyl hulle hul vlerke spreid en draai en swaai in die lug. "Ai, hoe lekker moet dit nie wees om so te gly deur die lug nie," dink die Kaloen. Hy sien ook die voëls se nessies in die hoë bome en hoor die gepiep van honger babavoëltjies. "Hulle is glad nie so mooi sonder hul vere nie," giggel die Kaloen toe hy die lang, kaal nekkies van die voëls by die nessies sien uitsteek.

Die seun gooi sy skoene eenkant waar dit teen die bas van 'n groot boom val. Die Kaloen se hartjie bons, sy asem jaag en dit neem hom 'n paar sekondes voor sy kop ophou draai. Dit duur egter nie te lank voor die Kaloen weer oopmond na alles rondom hom staar en skoon vergeet van sy val nie. Hy luister na die maats wat swem en baljaar in 'n riviertjie naby die groot boom. "Dit moet die rivier wees," dink die Kaloen hardop en luister hoe die water bruis en kabbel oor die klippe. Hy luister na die wind wat deur die lang gras suis en voel hoe die sonnetjie op sy lyfie bak. Die Kaloen volg 'n blaas wat uit die boomtop na onder dartel en saggies op sy kop beland. Die sonnetjie wat op sy ore bak en die dag se opwinding het die Kaloen nou begin lomerig maak en hy sluimer in. "Ketik-ketik, ketik-ketik." Die geluid is eers ver en amper net so sag soos die windjie, maar algaande word die geluid harder. "KETIK-KETIK, KETIK-KETIK!" Die Kaloen raak bewus van die seuns se gegil wat ook naderkom en hy maak sy moeë ogies knip-knip oop om te kyk waaroor die geroesemoes gaan. Hy moet sy nek rek om beter te kan sien. Hy kan amper nie glo wat hy sien nie: 'n huis op wiele!

"Dink julle die prinses is in die koets?" hoor hy een van die seuns praat terwyl die seuns hulself netjies maak. "'n Koets!" sê die Kaloen kliphard en spring op en af om beter te kan sien. Vooraan die koets is twee spierwit perde en twee koetsiers wat ewe statig, penregop sit en die perde stuur.

So vinnig soos die Kaloen se kort beentjies hom toelaat, hardloop hy deur die gras al nader aan die koets. Hy is so bang die koets ry weg voordat hy dit van naby kan sien. Al hygende kom staan die Kaloen nou teenaan die wiel van die koets en sien hoe die seuns vooroor buig.

'n Fyn handjie in 'n spierwit satynhandskoen verskyn buite die koets se venstertjie en gooi iets na die kinders se kant toe. Dis 'n lapsakkie gevul met klingelende muntstukke. Die kinders duik daarop en spring op en af van opgewondenheid. Soos die koetsier die leisels neem om weg te trek, besluit die Kaloen dis nou sy kans om die kasteel te besoek. So gou as wat sy klein voetjies, klein neusie en groot oë en ore hom toelaat, hardloop hy tot teenaan een van die wit perde se hoewe om vashouplek daaraan te kry. Gelukkig steek daan 'n klein spykertjie uit en kry die Kaloen sy sit daarop. Hy kry dit reg omeen van die perd se sterthare uit te trek en maak dit aan sy lyfie en die spyker vas. Nou kon hy rondkyk terwyl hy saam met die

koets wegry. Die Kaloen was nog nooit so ver weg van sy donker kas, sy familie en sy skoene nie.

"Kloppedie-klop, kloppedie-klop," klink die klank van perdehoewe op die pad. "Ketik-ketik, ketik-ketik," klink die klank van die koets se wiele. Al die geskommel maak die Kaloen so bietjie duiselig en hy besluit om van posisie te verander. Versigtig maak hy homself los uit die perdestert-knoop en klim teen die perd se agterbeen uit. Hy is baie versigtig, want as hy nou val, beland hy onder daardie klipharde ysterhoewe van die perd. "Ghloep!" sluk die Kaloen en beur vorentoe tot aan die bokant van die perd se stert.

"Sjoe!" sê die Kaloen en sy hart klop in sy keel. Hy is dors, kry warm en grill toe hy sien hoe hoog bokant die grond hy is en hoe vinnig die perde hardloop. "Ek moet op 'n veiliger plek kom," sê hy en kyk om hom rond om te sien hoe dit moontlik sal wees. "Hier langs die perd se stert hang die leisels en dit lei na die koetsiers se hande wat dit vashou," beplan die Kaloen terwyl hy die rigting van die leisels volg, "...en koetsiers dra tog skoene, nie waar nie?" Vergete is die vrees toe die Kaloen besef dat hy homself in 'n skoene kan versteek.

Hande-viervoet kruip die Kaloen versigtig al langs die lang leisels. "Ek kan nie toelaat dat die koetsiers my sien nie - hulle sal my soos 'n vet kokkerot platdruk! Gelukkig dra hulle handskoene en sal nie kan voel as ek op hul hande rondloop nie," praat die Kaloen homself moed in. Gelukkig vir die Kaloen is die koetsiers diep in 'n gesprek betrokke en neem hulle nie notisie van hom wat flink oor die een koetsier se hand trippel en spring tot op sy mou nie. Die Kaloen maak die perdestertaar aan een van die blink knope aan die mou vas en gly daarmee af tot hy op die koetsier se skoene te lande kom. Dit is so 'n mooi skoene – swart en blink gepoets sodat die Kaloen sy weerkaatsing daarin kan sien. Hy trek snaakse gesigte en lag tog te lekker. Gou-gou maak die Kaloen homself met een van die skoenveters vas, sit agteroor en hou die wêreld weer dop.

Die kronkelpaadjie op pad kasteel toe en die diere langs die pad, betower die Kaloen heeltemal. Gelukkig noem die koetsiers ook die diere se name soos wat hulle verby ry en so leer die Kaloen al die name. Daar is sagte hasies met lang ore wat hop-hop tussen die gras, eekhorinkies met wollerige sterte wat met propvol kieste op en af teen die bome uithardloop; hy sien groot sampioene wat wild groei in die gras en glimlag: "Ek is seker die gelukkigste Kaloen op die aarde!" Baie tuis op die nuwe skoene, luister die Kaloen al skommelende na die stories wat die een koetsier aan die ander vertel.

By die kasteel aangekom, kan die Kaloen nie wag om te sien wat agter daardie groot kasteeldeure is nie. Sy mond hang behoorlik oop van al die prag en praal rondom hom - spuitfonteine met kabbelende waterkanale, boompies gesnoei in die vorm van diere, spierwit swane wat oor die water in die silwerskoon stroompies gly, en vlae van allerhande lande wat uit hoë vensters wapper. Die koetsiers bring die perde tot 'n halt. "So nou, hokaai!" paai hulle die perde om stil te staan. Die koetsier op wie

se skoene die Kaloen sit, klim rats van die koets af en loop tot by die koetsdeur. Die koetsdeur gaan oop, die koetsier buig laag en daar op die trappie verskyn die mooiste, delikaatste skoentjies versier met syblommetjies. "Dis die prinses!" dink die Kaloen en hou sy asem op terwyl hy kyk hoe sy elegant en lig op haar voete die trappies een vir een afklim en kasteel toe loop. Sy loop nie so doef-daf-doen-daf soos die koetsier nie, maar is so liggies op haar tone asof sy op wolke sweef. Al wat 'n mens hoor, is "swiep-klik, swiep-klik".

Die koetsiers loop saam met die prinses tot voor die yslike groot kasteeldeure. Die Kaloen hou nog al die tyd styf vas aan die koetsier se skoene, maar is nou te nuuskierig en maak homself los. Die koetsier buk af op sy knieë om sy veters vas te maak en sy gesig is nou 'n paar sentimeter van die Kaloen af. "As hy my nou sien, trap hy my plat!" dink die Kaloen.

Meteens word die Kaloen onderstebo gegooi sodat hy so half holderstebolder met sy voete oor sy nek opeindig. Hy dink nog so ewe dis die koetsier wat hom plat getrap het, maar sien toe dis 'n dierasie wat met sy warm asem voor hom staan en hyg, terwyl sy lang tong by sy bek uithang en die kwyl in sulke groot druppels gevaarlik naby die Kaloen drup.

Die geel-bruin dier met sy lang hare kom staan al stertswaaiend voor die prinses en sy buk af om sy nek te vryf. "Ai, my hond, het jy na my verlang?" vra die prinses in haar soet stem. Die prinses gaan die kasteel binne en die hond volg haar ewe opgewonde. Gou gryp die Kaloen 'n klossie hare vas op die hond se been en klou weer vir al wat hy werd is, terwyl hy sy kop heen en weer draai om na alles te kyk. Skielik, sonder waarskuwing, kom die hond tot stilstand en voor die Kaloen weet wat hom tref, begin die hond homself krap en trek die Kaloen met 'n boog deur die lug en beland al hikkende op die koue, blink marmervloer.

"Fjuut-fjuut!" roep die kasteel se sjef die hond en vinnig hardloop hy kombuis toe. Die prinses is gelukkig nog naby en die Kaloen gryp net betyds die strikkie aan haar skoene en hys homself op teen die pragtige stiksel van die skoene. Vanwaar die Kaloen nou sit, het hy 'n goeie uitsig oor alles, al moet hy sy nek agteroor tot amper teen sy rug buig om alles daarbo te sien. In die groot saal waarin hulle nou is, sien hy 'n klomp mense wat vinnig met skinkborde rondloop, silwer bakke met blink gepoetse vrugte, kraffies wyn, vase met helderkleurige blommerangskikkings en ander taferversierings.

"Dis fantasties!" dink die Kaloen terwyl hy hom vergaap. Meteens gee die Kaloen 'n gil. "Die glasskoen!" Hy vryf sy ogies net om seker te maak hy droom nie. 'n Rilling gaan deur sy lyfie en dit voel asof sy knieë jellie raak. Die glasskoen, in die storie waarvan die mense-mamma al vertel het, is hier voor hom! Uitgestal op 'n hoë kas vir almal om te bewonder.

Die glasskoen is mooier as wat hy hom ooit kon indink. Soos die prinses verby die glasskoen stap, klim die Kaloen al klouende na die geborduurde soom van haar rok,

op tot by die groot satynstrik om haar middel, dan tot in haar lang haarlokke, en toe hy kophoogte met die glasskoen is, spring hy en sweef deur die lug soos een van die voëls wat hy vroeër gesien het, maar o aarde, wat hy nie besef het nie is dat die skoen in 'n glaskas is. Voor die Kaloen homself kan keer, val hy hom disnis teen die glaskant en gly toe stadig af tot op 'n dun lysesie. Die Kaloen kom orent, vryf sy kop en klim versigtig op teen die kassie waarop die glaskas staan. Daar is 'n klein opening in die glaskas waardeur die Kaloen kan glip en vlugvoetig haas hy hom nader en spring woeps-waps binne-in die glasskoen.

Dadelik kom die kaloen agter dat die glasskoen heeltemal anders is as die skoen waaraan hy gewoon is. Dit ruik nie net lekker nie, maar is ook sag en weelderig. "Hieraan kan ek mos gewoon raak!" sê die Kaloen terwyl hy homself uitstrek en met sy hande agter sy kop homself gemaklik maak. Hier vanuit die skoen het die Kaloen 'n onbelemmerde uitsig oor die groot saal waar almal rondskarrel en gereed maak vir 'n groot dans.

Die prinses het elke aand 'n dans gereël wat deur baie mense in die mooiste en beste klere en die allerfraaiste skoene bygewoon is. Party van die skoene is spesiaal deur 'n skoenmaker en twee elfies gemaak; presies net soos in 'n ander storie wat die mense-mamma gelees het. Die Kaloen het hom aand na aand verwonder aan die kunstig gemaakte skoene en hoe lig op hul voete die mense kon dans. Weke lank het die Kaloen die gaste bewonder en geïnteresseerd gekyk hoe hul klere en skoene so mooi saam beweeg met die allermooiste musiek.

Een aand is die kasteel meer as gewoonlik in rep en roer. Die Kaloen kom agter dat die rede daarvoor is dat die prinses se babadogtertjie gebore is en dat daar 'n spesiale dans gehou gaan word wat deur die hele land se belangrikste gaste en al die feë bygewoon sal word. Die Kaloen is nou so opgewonde, want hy het nog nooit feetjieskoene gesien nie.

Die Kaloen kan nie genoeg kry van die pragtige skoene nie. Party skoene is uit suiwer sy gespin. Op van die ander skoene glinsterdoudruppels soos pêrels in die lig. Skielik wens die Kaloen dat hy al die wonderlike goed rondom hom met iemand kan deel - iemand soos sy ma of sy sussie. Hy besef dat hy eintlik eensaam is en selfs verlang na die ou skoen waaraan hy gewoon was.

Skielik word die Kaloen se gedagtes onderbreek deur 'n rukwind wat met mening die groot deure van die danssaal laat oopvlieg. 'n Nare heks kom te voorskyn. Sy het die lelikste skoene aan wat die Kaloen nog ooit gesien het – gemaak van muisvel en spinnerakke. In plaas van pêrels as versiering, sit daar kewers en ander gogga-goeters aan die web vas. Die mense probeer vlug en skarrel rond en skree. In die geskarrel en chaos, stamp iemand per ongeluk die hoë kas waarin die glasskoen gehou word, om en breek die glaskas in 'n duisend klein stukkies en beland die kaloen op die vloer.

"Aah!" wip die Kaloen soos hy skrik, want meteens trap die lelike groot swart hak van die heks se skoen langs hom. Die Kaloen se hart bons tot in sy keel, en hy

hardloop so vinnig as moontlik om die heks se skoenhakke te ontduik. Die Kaloen maak 'n duik na die skoen van een van die werkers wat in sy rigting aangehardloop kom. Dit is dieselfde kneg wat die prinses uit die koets gehelp het wat nou haastig probeer om die prinses en haar baba te lei na waar die koets staan. Met die prins kort op hul hakke, skree die koetsier die bevel en slaan liggies met die sweep om die perde aan te hits om die koets so vinnig moontlik weg van die kasteel te kry. Die Kaloen klou styf vas aan die veters van die koetsier om nie weg te waai terwyl die koets roekeloos om draaie swenk, deur plasse water plons en elke nou en dan deur die lug hop wanneer hulle oor 'n groot klip jaag nie.

Met sy ore styf teen sy kop platgedruk deur die spoed waarteen die koets beweeg, is die Kaloen darem effe verlig om te sien hulle ry dieselfde pad deur die woud wat lei na die huis van die mense-kind in wie se skoen hy altyd gebly het. Redelik naby aan die huis waar die Kaloen se familie bly, skiet die koets weer soos 'n boog hoog deur die lug toe dit 'n groot klip in die pad tref, maar hierdie keer het die Kaloen nie styf genoeg vasgehou aan die kneg se veters nie en trek hy deur die lug en land karplaks! in 'n groot plas modderige water. Hy sit op sy bas en staar die koets agterna wat in die verte verdwyn terwyl sy ore weer terugflap na hulle normale posisie – net betyds om wiele op die pad vinnig te hoor aankom. Dis die prins! Hy gaan sy prinses red! Die Kaloen spring uit die water en hardloop so vinnig as hy kan uit die pad na veiligheid in die gras.

Die Kaloen hou aan hardloop deur die gras al voel dit vir hom of alles hom nou jaag – die lang gras, die groot reëndruppels aan die graspunte, die takke wat lang vingers maak met hul skaduwees en al die bosgeluide. Al wat die Kaloen nou wil hê is om veilig by sy familie te wees, knus in sy ou vrot skoen. Hy struikel oor klippies, val in gate, strompel oor boomwortels, maar kry dit reg om elke keer weer op sy voete te kom en volstoom verder te hardloop.

By die huis aangekom, haas hy hom vinnig na die kas waar al die skoene is. Hy stoot hygend en uitasem die kasdeur oop, klim oor die drumpel en dink vir 'n oomblik dat hy in die verkeerde huis is. "Waar is my ou paar skoene dan?" Daar in die kas sit sy hele familie met groot oë en kyk na die opening van die kasdeur waar die Kaloen hom nou vergaap aan wat voor hom is. Orals is net nuwe skoene! Hy loop verwonderd nader. Sy sussie sit gemaklik toegevou in die veters van 'n pienk skoen, sy boet hang spelerig uit by 'n geel skoen en sy pa en ma sit ook ewe in 'n gemaklike paar leerskoene. "En waar was jy?" vra sy pa so half deur die slaap en gee 'n lang gaap dat sy ore eintlik so plattrek.

Die Kaloen glip in die skoen waar sy pa en ma sit en gee hulle elkeen 'n stywe druk. "Ek is so bly om julle te sien!" sê hy en die reuk van die nuwe leer laat hom sommer baie veiliger voel. "Julle sal nooit raai waar ek was nie," begin die Kaloen te vertel van sy wondertlike avonture.

Nog Kaloene van ander skoene het opgedaag en luister nou met gespitse ore na sy stories. Toe almal na ure se vertel vas aan die slaap raak so tussen die veters, die skoengespes en die lissies, kyk die Kaloen opnuut na die skoene rondom hom. Dit is so goed gestik – dit lyk amper soos ... ja, dit is! Die nuwe skoene is die handewerk van 'n skoenmaker en twee elwe; net soos in die storie van die Skoenmaker. "My lewe is 'n avontuur!" dink die Kaloen, uitgeput, maar tevrede, terwyl hy in 'n paar rooi

leerskoene ingly en homself gemaklik maak. Die Kaloen raak salig aan die slaap en droom van dinge en plekke waarheen hierdie skoene hom nog gaan neem.